# Environmental Impact Assessment Process for the proposed Eskom Grid-Scale Battery Storage at the Graafwater Substation in the Western Cape

Notice is hereby given in terms of the National Environmental Management Act, No. 107 of 1998 (NEMA), and EIA Regulations 2014 (GN R982), of the intention of Eskom Holdings SOC Ltd to install grid-scale battery storage at the Graafwater substation. The proposed installation will trigger listed activities in terms of Listing Notice 1 (GN R983) and Listing Notice 3 (GN R985), as amended, and will require a Basic Assessment process to be undertaken.

The Graafwater Substation is located on Portion 25 of the Farm Bueroskraal 220, which is situated near the town of Graafwater. The site falls within the jurisdiction of the Cederberg Local Municipality, Western Cape Province.

The Basic Assessment Report will be available for public review and comment from 01 September 2020 to 01 October 2020 at the following public venues:

| Public Venue | Address |
|---|---|
| Graafwater Public Library | Van der Stel Street, Graafwater, 8120 |
| Graafwater Municipality Offices | Van der Stel Street, Graafwater, 8120 |

Information pertaining to the application can be viewed on Zitholele Consulting's website: www.zitholele.co.za/environmental, under heading "Graafwater BESS EIA" and at the public venues listed above.

You are hereby invited to register as an Interested and Affected Party (IAP) via written request to the Public Participation Process (PPP) desk at the contact details provided. Further communication relating to the project will only be undertaken with registered IAPs. The PPP desk can be contacted as follow:

Zitholele Consulting, PO Box 6002, Halfway House, 1685
Tel: 011 207 2079, Fax: 086 674 6121 or E-mail: graafwater@zitholele.co.za

# AKTUELE NUUS

## Blommepaar groet na twee dekades

*Berig en foto:*
*Annemarie Schoeman*

**VREDENDAL:** As mens by Vredendal Blommemark en At se Biltong Winkel instap, word jy oorval met 'n vars blomreuk, kleurvolle blomme en vriendelike gesigte. At en Wanda Strydom is ou bekendes in Vredendal. Hulle het in 1996 vanaf Pongola, KwaZulu-Natal Vredendal toe verhuis. In 1998 koop hulle 'n kleinhoewe buite dié dorp en boer met 20 000 rose asook ander blomme soos krisante en angeliere. Saam met die boerdery het hulle die blommewinkel gekoop. Hier leer die Strydoms Vredendal se mense ken. Wanda sê omdat sy almal se name moes neerskryf met bestellings het dit haar gehelp om mense vinniger te leer ken. Oor die jare het die Strydoms stelselmatig die boerdery begin afskaal en net die winkel gehou.
"Mens kom op 'n ouderdom wat mens nie meer by alles uitkom nie," sê Wanda. Dit is een van die redes hoekom hulle die blommewinkel voor die grendeltyd in die mark gesit het. Wonderbaarlik het hulle gedurende grendeltyd 'n koper gekry. Sy wil Vredendal se mense gerusstel dat die winkel nie sluit nie, maar wel 'n vernuwing sal ondergaan. Die winkel sal steeds blomme, biltong en nuwe interessanthede verkoop.
Die Strydom-egpaar gaan met hulle uittrede net hier in Vredendal bly, want hulle hou van Vredendal en sy mense. Dis juis hoekom hulle in die eerste plek hierheen verhuis het. Die inwoners het ook Wanda se broer, Willem aanvaar vir wie hy is. Om hom nou in 'n nuwe omgewing te plaas is buite die kwessie.
Vredendal Blommemark is baie dankbaar vir al die kliënte wat dié winkel in die 22 jaar ondersteun het. "Nooit het ek gedink daar is mense wat nie by my wil koop nie," sê Wanda. Sy gaan definitief die blommewerk mis. Verder is sy ook dankbaar dat sy altyd wonderlike personeel gehad het wat saam met haar blommerangskikkings gemaak het.



At en Wanda Strydom by van die ruikers in die winkel.


STEMPELS



Beskikbaar by Ons Kontrei kantore

Centralstraat 8, Vredendal

Tel: 027 213 2074


## Plaaslike maatskappye ontvang hupstoot

*Berig: Persverklaring*

**LOERIESFONTEIN:** Opleiding vir twee plaaslike konstruksiemaatskappye en elektrisiëns word deur die windkragaanlegte van Khobab en Loeriesfontein se ontwikkelingsprogram befonds. Dit sal help om kapasiteit te bou en produktiwiteit te verbeter.
Die klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's), is besig om 'n voormalige motorhuis in 'n sakesentrum vir Loeriesfontein te omskep. Hulle het gevra vir opleiding vir hul plaaslike arbeidsmag. Die span bestaan uit 23 persone. Die opleiding was omvattend en het spesiale vaardighede om op hoogtes te werk, sowel as opleiding om veiligheidsrisiko's te verminder ingesluit. Verskeie veiligheidsspesialiste het op die perseel opleiding en mentorskap aan die arbeidsmag gebied. Opleiding ten opsigte van die Master Builders South Africa (MBSA) se handleiding vir kleinbouers sal oor die volgende vier maande aan die arbeidsmag gebied word.
Een van die kontrakteurs, Elton Januarie, eienaar van Essay General Traders, sê: 'Na die opleiding het die produksie baie vinniger verloop, aangesien die meeste van die werkers nog nooit met hierdie soort steierwerk gewerk het nie. Dit het gehelp dat ons die steierwerk vinniger kon oprig. "
Patrick Souw, veiligheidsbeampte van Essay General Traders & Elysium Projects JV, verduidelik: "Aan die begin het ons met die oprigting van die steierwerk gesukkel. Die opleidingsfasiliteerder het ons gehelp en saam met ons gewerk. Danksy die praktiese opleiding het ek nou die vaardighede om die steierwerk op 'n baie veiliger manier vir my en my kollegas op te rig. "
Hierdie ondersteuning vorm deel van ons ondernemingsontwikkelingsprogram en help om kapasiteit deur vaardigheidsopleiding te bou, sowel as om die kapasiteit van kleinsakeondernemings in die gemeenskap van Loeriesfontein te bevorder.
"Die ondersteuning en ontwikkeling van kleinsakeondernemings vorm die kern van ons ontwikkelingsetos, aangesien dit plaaslike indiensneming en ekonomiese groei bevorder," sê Vanessa Fredericks, ekonomiese ontwikkelingsbestuurder van die windkragaanlegte van Loeriesfontein- en Khobab.



Die groep manne het opleiding ontvang. Foto: Verskaf


**Environmental Impact Assessment Process for the proposed Eskom Grid-Scale Battery Storage at the Graafwater Substation in the Western Cape**

Notice is hereby given in terms of the National Environmental Management Act, No.107 of 1998 (NEMA), and EIA Regulations 2014 (GN R982), of the intention of Eskom Holdings SOC Ltd to install grid-scale battery storage at the Graafwater substation. The proposed installation will trigger listed activities in terms of Listing Notice 1 (GN R983) and Listing Notice 3 (GN R985), as amended, and will require a Basic Assessment process to be undertaken.

The Graafwater Substation is located on Portion 25 of the Farm Bueroskraal 220, which is situated near the town of Graafwater. The site falls within the jurisdiction of the Cederberg Local Municipality, Western Cape Province.

The Basic Assessment Report will be available for public review and comment from 01 September 2020 to 01 October 2020 at the following public venues:

| Public Venue | Address |
|---|---|
| Graafwater Public Library | Van der Stel Street, Graafwater, 8120 |
| Graafwater Municipality Offices | Van der Stel Street, Graafwater, 8120 |

Information pertaining to the application can be viewed on Zitholele Consulting's website: www.zitholele.co.za/environmental, under heading "Graafwater BESS EIA" and at the public venues listed above.

You are hereby invited to register as an Interested and Affected Party (IAP) via written request to the Public Participation Process (PPP) desk at the contact details provided. Further communication relating to the project will only be undertaken with registered IAPs. The PPP desk can be contacted as follow:

Zitholele Consulting, PO Box 6002, Halfway House, 1685
Tel: 011 207 2079, Fax: 086 674 6121 or
E-mail: graafwater@zitholele.co.za



**Vir plasing van advertensies of drukwerk**

Clanwilliam, Lambertsbaai area kontak Mariaan Smuts by 082 926 9934

Vanrhynsdorp, Vredendal area kontak Tossie Beukes by 074 149 6145

Lutzville, Vredendal area kontak Annemarie Schoeman by 082 657 3182



**PUBLIC PARTICIPATION PROCESS: NOTICE**
**OPENBARE DEELNAME PROSES: KENNISGEWING**

| | | |
|---|---|---|
| Application property | Portion 344 of the farm Vredendal 292 | Aansoekeiendom |
| Location | 2km north of Vredendal's industrial area | Ligging |

| Details of the application | Aansoek besonderhede |
|---|---|
| Application for a sand mining permit. | Aansoek vir 'n sandmyn permit |
| **Applicable legislation** | **Toepaslike wetgewing** |
| Notice is given in terms of Regulation 41 of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations<br>Listed Activities 21, 22, 27 and 28 in GN R327 are applicable.<br>A Basic Assessment Process is required. | Kennisgewing geskied ingevolge Regulasie 41 van die Omgewingsimpak Regulasies.<br>Gelysde Aktiviteite 21, 22, 27 en 28 in GK R327 is van toepassing.<br>'n Basiese Omgewingsbepalings proses is nodig. |
| **Applicant** | **Aansoeker** |
| Greystone Trading 1061 CC | Greystone Trading 1061 BK |
| **Invitation to interested and affected parties** | **Uitnodiging aan belanghebbende en geaffekteerde partye** |
| Contact the consultant if you require any further information about the application or if you wish to register as an interested and affected party.<br>Please submit initial comments by 8 October 2020. | Kontak die konsultant as u verdere inligting aangaande die aansoek nodig het of as u as 'n belanghebbende of 'n geaffekteerde party wil registreer.<br>Lewer asseblief u aanvanklike kommentaar teen 8 Oktober 2020. |
| **Contact details of the environmental consultant** | **Kontak besonderhede van die omgewingskonsultant** |
| Stephen Davey. Klipberg Consulting, PO Box 46, Darling, 7345.<br>Email: sdavey@klipberg.co.za | Stephen Davey. Klipberg Consulting, Posbus 46, Darling, 7345.<br>Epos: sdavey@klipberg.co.za |

| | | |
|---|---|---|
| Further enquiries | Stephen Davey Mobile: 082 782 3727 | Verdere navrae |